BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY

VISIE:

Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.

VISION:

Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.

KERN WAARDES / CORE VALUES

We are all part of Bergrivier Municipality.
We render good services to ensure dignified living to all.
We are unashamedly pro-poor.
We believe in close innovative partnerships.
We believe in social and economic development of our area.
We care about our work and our colleagues.
We are disciplined.
We believe in ethical behaviour.
We believe in good relationships.
We serve with pride.

NOTULE VAN DIE SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 27 OKTOBER 2026 OM 11:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE

Rdh. R Swarts	[DA]	:	Speaker
Rdh. RM van Rooy	[DA]	:	Uitvoerende Burgemeester
Rdh. MA Wessels	[DA]	:	Uitvoerende Onderburgemeester
Rdh. J Daniels	[DA]		*(sluit om 11:12 aan)*
Rdh. A de Vries	[DA]		
Rdh. AJ du Plooy	[DA]		
Rdl. JJ Moolman	[DA]		
Rdl. RL Laubscher	[DA]		
Rdd. SS Lesch (Me.)	[ANC]		
Rdl. BU Maarman	[ANC]		*(sluit om 11:18 aan)*
Rdh. EB Manuel	[GOOD]		
Rdl. AC Isaacs	[PA]		

AMPTENARE

Adv. H Linde	:	Munisipale Bestuurder
Mnr. JWA Kotzee	:	Direkteur: Korporatiewe Dienste
Mnr. PW Erasmus	:	Direkteur: Finansiële Dienste
Mnr. PC van Niekerk	:	Direkteur: Tegniese Dienste
Mnr. DA Josephus	:	Direkteur: Gemeenskapsdienste
Me. W Prins	:	Bestuurder: Strategiese Dienste
Mnr. W Wagener	:	Bestuurder: Stadsbeplanning en Omgewingsbestuur
Mnr. AW Rheeder	:	Bestuurder: Menslike Hulpbrondienste *(sluit om 12:28 aan)*
Mnr. MB Sheldon	:	Hoof: Kommunikasie
Mev. RC Gerber	:	Komitee Beampte

***

NOTULE VAN DIE SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 27 OKTOBER 2026 VANAF PIKETBERG

AKSIE

RVN001/10/2026
OPENING EN VERWELKOMING

Die Speaker verwelkom almal teenwoordig by die laaste Raadsvergadering van die 2021-2026 termyn, waarna Raadsheer Du Plooy die vergadering open met 'n gebed.

'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan die Raadslede, Munisipale Bestuurder, Direkteure, amptenare en lede van die publiek wat teenwoordig is, sowel as die lede van die publiek wat op die "YouTube"-platform ingeskakel is.

(Raadsheer Daniels sluit om 11:12 aan by die vergadering)

Die Speaker herinner die Raad aan die afskeidsete en fotosessie wat na afloop van die Raadsvergadering sal plaasvind.

***

RVN002/10/2026
AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID
3/3/1/4

Raadslid Adams – afwesig sonder verskoning
Hoof: Interne Oudit – siekverlof

Die Raad neem kennis dat Raadslid Maarman later by die vergadering sal aansluit

***

RVN003/10/2026
VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)
3/3/1/6

Die Raadslede en amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

(Raadslid Maarman sluit om 11:18 aan by die vergadering en verklaar dat sy geen persoonlike belange het ingevolge Skedule 7 van die Gedragskode vir Raadslede)

RVN004/10/2026
BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING: DINSDAG 29 SEPTEMBER 2026
3/3/2/2

Die Speaker lei die item in.

BESLUIT

Dat die notule van die vorige vergadering gehou op Dinsdag 29 September 2026 bekragtig word.

(RC GERBER)
KOMITEE BEAMPTE

***

RVN005/10/2026
IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE RAADSVERGADERING: DINSDAG 29 SEPTEMBER 2026
3/3/2/2

Die Speaker lei die item in.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Implementeringsverslag van die vorige vergadering soos gehou op Dinsdag 29 September 2026.

(RC GERBER)
KOMITEE BEAMPTE

***

NOTULE VAN DIE SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 27 OKTOBER 2026 VANAF PIKETBERG

RVN006/10/2026
SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE: DINSDAG 29 SEPTEMBER 2026
3/3/2/2

Geen

***

RVN007/10/2026
VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER, UITVOERENDE BURGEMEESTER EN MUNISIPALE BESTUURDER
3/3/1/6

MUNISIPALE BESTUURDER

Verklarings/mededelings deur die Speaker:

- Dat ‘n bejaarde inwoner van Bergrivier, oom Gert van Redelinghuys, wat deelgeneem het aan die “Golden Games”, in die nasionale 60 jaar-en-ouer span opgeneem is, en wens die Speaker hom namens die Raad baie geluk op sy besonderse prestasie;
- Dat die Direkteur: Gemeenskapsdienste se seun en dogter aangewys is as hoofleiers van Hoërskool Porterville vir 2027 en wens die Speaker hom en sy gesin namens die Raad baie geluk op die besonderse prestasie. Die Speaker versoek die Munisipale Bestuurder om aan elke skool in die Bergrivier munisipale gebied ‘n skrywe namens die Raad te rig om die leiers vir 2027 geluk en sterkte toe te wens;
- Hy bedank die Raad vir die afgelope termyn, asook die Munisipale Bestuurder in haar hoedanigheid as hoof van die administrasie, die Direksie en alle amptenare vir hul harde werk, toewyding en ondersteuning. Hy spreek voorts sy waardering uit teenoor die publiek vir hul teenwoordigheid en deelname. Hy lewer voorts erkenning aan die opposisie vir die wyse waarop hulle hul rol vervul het en beklemtoon die belangrikheid van konstruktiewe betrokkenheid bo enige teenkanting;
- Dat Bergrivier Munisipaliteit as die beste klein/landelike munisipaliteit in die Wes-Kaap aangewys is, 'n prestasie waarop die termyn met trots afgesluit kan word en waarop verder voortgebou kan word. Hy beklemtoon dat hierdie prestasie aan die inwoners, werknemers en die Raad as geheel behoort;
- Hy wens die Munisipale Bestuurder sterkte toe met haar verantwoordelikhede as MEO tydens die komende verkiesing en spreek sy vertroue uit dat die verkiesingsproses vry en regverdig sal verloop, met goeie kiesersdeelname; en
- Hy wens die politieke partye sterkte toe vir die komende verkiesing en doen 'n beroep op hulle om hul verkiesingsveldtogte op 'n verantwoordelike en respekvolle wyse te voer. Hy versoek voorts dat alle parte mekaar met waardigheid en vriendelikheid behandel in belang van goeie samewerking en die gemeenskap.

Verklarings/mededelings deur die Uitvoerende Burgemeester:

- Hy deel mee dat mnr. L Willemse (werksaam in die Gemeenskapsdienste direktoraat) oorlede is;
- Hy deel voorts mee dat mnr. R Julies (werksaam in die Gemeenskapsdienste direktoraat) sy twee susters aan die dood afgestaan het;
- Dat tannie Tinky van Zyl van Porterville op Maandag 26 Oktober 2026, haar 100ste verjaardag gevier het en wens haar geluk met hierdie besonderse mylpaal; en
- Hy wens die politieke partye sterkte toe vir die komende verkiesing.

Verklarings/mededelings deur die Munisipale Bestuurder:

- Dat Bergrivier Munisipaliteit as die beste klein/landelike munisipaliteit in die Wes-Kaap aangewys is, en spreek haar gelukwense aan die Raad uit met hierdie prestasie. Voorts bedank sy almal vir hul harde werk;
- Sy spreek haar opregte waardering uit teenoor die Raad vir hul gemeenskapsgedrewe leierskap gedurende 'n uitdagende termyn wat tydens die Covid-19 pandemie begin het, waartydens verskeie uitdagings en rampe saam oorkom is, en bedank die Raadslede se families vir hul volgehoue ondersteuning en opofferings;
- Sy bevestig dat die Inhuldigingsvergadering van die nuwe Raad op Dinsdag 17 November 2026 om 10:00 die NG Kerksaal sal plaasvind;
- Sy meld dat veertien politieke partye en een onafhanklike kandidaat aan die komende verkiesing in Bergrivier Munisipaliteit deelneem, wat die grootste deelname nog in die munisipaliteit verteenwoordig;
- Sy rig 'n spesiale woord van waardering aan Raadsheer De Vries en Raadsdame Lesch vir hul jarelange diens aan Bergrivier Munisipaliteit en bedank hulle vir hul waardevolle insette, toewyding en positiewe bydrae tot die Raad; en
- Sy herinner die Raadslede aan die toepaslike bepalings van die Kieswet, waarvolgens alle verkiesingsverwante werwing teen teen 24:00 op Sondag 01 November 2026, gestaak moet word.

***

RVN008/10/2026
ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS
3/3/1/5

Geen

***

RVN009/10/2026
MOSIES / VRAE
3/3/1/1; 3/3/1/2

Geen

***

RVN010/10/2026
EERSTE DRINGENDE ITEM VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: (TECHNICAL SERVICES) – PROPOSED IMPLEMENTATION OF LEVEL 1 WATER RESTRICTIONS WITHIN THE BERGRIVIER MUNICIPAL AREA WITH EFFECT FROM 01 DECEMBER 2026
16/1/1

(Item word ter tafel gelê soos voorheen elektronies apart versprei)

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer De Vries, lei die item in. Breedvoerige agtergrond en inligting word gelewer deur die Direkteur: Tegniese Dienste.

Raadsheer De Vries versoek uitklaring of die prosedure vir die instelling van waterbeperkings afhanklik is van die promulgering van 'n afkondiging deur die Minister, en of sodanige afkondiging nog moet plaasvind voordat die Raad kan optree, of alternatiewelik reeds deel vorm van die proses wat op Distriksvlak plaasgevind het ingevolge die wetlike bevoegdhede van 'n hoër gesag.

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat elke Raad die bevoegdheid het om sy eie waterbeperkings in te stel. Die besluit wat deur die Waterraad geneem is, is dat

alle munisipaliteite binne die Weskusstreek 'n eenvormige benadering ten opsigte van waterbeperkings sal volg.

Raadsheer Wessels versoek duidelikheid oor wie die “competent authority” is waarna in die verslag verwys word, en wie die bevoegdheid het om die Raad toe te laat om die besluit te neem.

Raadsheer Manuel doen navraag oor die spesifieke gebiede wat deur die voorgestelde beperkings geraak sal word, asook die toepaslike wetlike vereistes.

(Die Bestuurder: Stadsbeplanning en Omgewingsbestuur verlaat die vergadering om 11:50)

Die Direkteur Tegniese Dienste verduidelik dat die Minister wel die afkondiging moet maak, maar dat dit nog nie geskied het nie. Nietemin is die Raad, in sy hoedanigheid as waterdienste-outoriteit van Bergrivier Munisipaliteit, bevoeg om die besluit oor waterbeperkings te neem. Daar is verder verduidelik dat bepaalde gebiede meer, of vinniger, deur watertekorte geraak kan word as ander gebiede.

Raadsheer Wessels versoek dat 'n uiteensetting van die goedgekeurde tariewe vir die verskillende vlakke van waterbeperkings in die kommunikasie aan die publiek gepubliseer word.

Die Munisipale Bestuurder versoek dat die tariewe per vlak meer volledig en duidelik in die aansuiweringsbegroting beskryf word.

DIREKTEUR: FINANSIËLE DIENSTE

<u>The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council</u>:

<u>RESOLVED</u>

1. That Council notes the prevailing water resource conditions affecting Bergrivier Municipality, including the reported year-on-year reductions in dam storage levels and the associated risks to the sustainability and reliability of water supply;
2. That Council approves <u>in principle</u> the proposed implementation of Level 1 water restrictions in the affected areas of the Bergrivier municipal area, with a provisional commencement date of Tuesday 01 December 2026, subject to the applicable legal requirements and confirmation of the relevant water supply conditions;
3. That Council supports the continued implementation and intensification of general water conservation and demand management measures throughout the municipal area within the Municipality’s existing legal powers;
4. That Council approves the development and implementation of a phased water restrictions framework, incorporating technically justified escalation and relaxation criteria, measurable operational indicators and area-specific interventions where necessary;
5. That Council requires the Director: Technical Services, in consultation with the Municipal Manager and relevant municipal departments, to ensure that all applicable legal, administrative and public communication requirements are completed before formal restrictions are enforced; and
6. That Council requires regular monitoring of water resource availability, water consumption, operational reserves and the effectiveness of the restrictions, with appropriate reporting to Council and recommendations for further interventions where necessary.

DIRECTOR: TECHNICAL SERVICES

***

RVN011/10/2026
2026/27 QUARTERLY BUDGET AND PERFORMANCE REPORT FOR QUARTER 1: 01 JULY – 30 SEPTEMBER 2026 SUBMITTED IN TERMS OF SECTION 52(d) OF THE MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT, 2003 (ACT 56 OF 2003)
15/1/5/5

Die Munisipale Bestuurder lei die item in.

The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council:

RESOLVED

1. That the quarterly performance report for Quarter 1 (1 July – 30 September 2026) be noted;
2. That this report be read in conjunction with the Quarterly Budget Report, which is submitted to Council in terms of Section 52(d) of the MFMA; and
3. That the Manager: Strategic Services submit the report to the relevant authorities and publish it on the Municipality's website within five days of being tabled, as required by law.

***

RVN012/10/2026
PRESTASIE BEOORDELING ARTIKEL 54A EN 56 POSTE VIR DIE TYDPERK 01 JULIE 2025 TOT 30 JUNIE 2026
15/1/5/5

Die Speaker lei die item in.

Die onderstaande besluite word eenparig deur die Raad aanvaar:

BESLUIT

Dat die Raad kennis neem van die Prestasie Beoordeling van Artikel 54A en 56 poste vir die tydperk 01 Julie 2025 tot 30 Junie 2026.

***

RVN013/10/2026
BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERINGS
3/2/1/3

Geen

***

RVN014/10/2026
BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE SPESIALE VERGADERINGS
3/2/1/3

Geen

***

RVN015/10/2026
WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES
3/2/1/3

Geen

***

NOTULE VAN DIE SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 27 OKTOBER 2026 VANAF PIKETBERG

(Die vergadering verdaag om 12:03, waarna die Raad en die Komitee Beampte die vergadering In-Komitee voortsit)

DIE VERGADERING VERDAAG OM 12:33

HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE

_____ _____

VOORSITTER ***DATUM***